Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

OKTOBER 2024

**Posbus 20 Hermanus 7200**

| | |
|---|---|
| Hermanus | 028 313 8000 |
| Gansbaai-Stanford | 028 384 8300 |
| Kleinmond | 028 271 8400 |

**24/7 Munisipale Nooddienste:**

| | |
|---|---|
| Munisipale Dienste | 028 313 8111 |
| Brand & Redding | 028 312 2400 |

# Bulletin

#overstrand4all

*Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand*

#C4ourself

RIVERLANDSDAM-TRAGEDIE

## HELPENDE HAND
### MET GRAAGTE VERLEEN

Die erge oorstromings wat veroorsaak is toe verskeie damme se walle in die omstreke van Riverlands meegegee het, het nie net huise, paaie en infrastruktuur verwoes nie, maar ook Swartland-munisipaliteit se vermoë om drinkwater aan duisende mense te verskaf, erg belemmer.

En dit is tóé dat ons brandweer-en-redding- en rampbestuurdienste tot aksie oorgegaan het: 'n Watertenker met 'n kapasiteit van vyfduisend liter is versend, tesame met 'n brandweer-en-reddingspan wat tot middel-September op 'n rotasie-basis in skofte gehelp het om diegene in nood op 'n bykans deurlopende basis van water te voorsien.

Uitvoerende Burgemeester dr. Annelie Rabie het tereg daarop gewys dat ander munisipaliteite nie so lank terug nie ingetree het om die waterkrisis wat Overstrand in September 2023 ervaar het, te help verlig. "My opregte dank aan ons brandweer-en-reddingspan wat, in die gees van samewerking, meer as gewillig was om hierdie keer 'n helpende hand te verleen."

Op die foto verskyn Hershelle Marinus, Cecil Abrahamse, Owen Stewar en Aldenovan Arendse. Hulle is maar 'n paar van die baie brandweer-en-reddingswerkers wat ingetree het om Swartland se waterkrisis te help verlig.

### MUNISIPALE DAMME VOLDOEN ALMAL

Teen die agtergrond van die tragedie wat gemeenskappe in en om Malmesbury onlangs getref het toe die Riverlandsdam se wal meegegee het, wil Munisipaliteit Overstrand sy inwoners gerusstel dat alle damme in die Overstrand wat in munisipale besit is, geregistreer is en gereeld geïnspekteer word.

Alle eienaars van damme, met die insluiting van regeringsinstansies, moet regtens sorg dat hulle damme by die departement van water en sanitasie geregistreer is en elke vyf jaar aan veiligheidsinspeksies deur goedgekeurde, geakkrediteerde damveiligheidsingenieurs onderwerp word.

As 'n bykomende veiligheidsmaatreël voer Overstrand se eie tegniese personeel self elke kwartaal veiligheidsinspeksies uit.

WEES GEWAARSKU:

## OM 'N BOBBEJAAN TE SKIET OF MET 'N WINDBUKS TE VERWILDER, IS ONWETTIG

Dit is nie net onwettig om ingevolge die Wet op die Beheer van Vuurwapens (Wet 60 van 2000) 'n vuurwapen, met inbegrip van 'n windbuks, in 'n beboude gebied af te vuur nie, maar aangesien bobbejane ingevolge die Ordonnansie op Natuurbewaring beskerm word, is om 'n bobbejaan te skiet of selfs leed aan te doen 'n kriminele oortreding.

Enigeen wat aan sodanige oortreding of misdryf skuldig bevind word, sal nie net 'n stewige boete opgelê word nie, maar sal ook ingevolge die Wet verklaar word as 'n persoon wat onbevoeg is om 'n wapen te besit.

Dit is oor en oor bewys dat om 'n bobbejaan uit te skiet, die trop se gedrag versteur aangesien dit die delikate balans wat binne die trop gehandhaaf word, ontwrig.

Om daardie rede het Munisipaliteit Overstrand humane en niedodelike metodes aanvaar om die konflik tussen mens en dier te bestuur en doen 'n beroep op inwoners om in hul pogings om bobbejane af te skrik op strategieë te fokus wat beide die dier se welstand en die gemeenskap se veiligheid bevorder.

In wese kom dit daarop neer dat as die bronne waar bobbejane kos in dorpe kan kry, uitgeskakel word, dit minder waarskynlik sal wees dat hulle sal terugkeer en meer waarskynlik dat hulle uiteindelik terug sal trek na hul natuurlike habitat buite die stedelike gebied. Maar om dit te vermag, het ons julle samewerking nodig.

Ten eerste en allerbelangrik, **MOENIE DIE BOBBEJANE VOER NIE!** Tweedens, volg drie eenvoudige strategieë om jou geliefdes en eiendom teen bobbejane se plundertogte te beskerm.

### STRATEGIE 1: MOENIE DIE BOBBEJANE "UITNOOI" OM JOU EIENDOM TE BESOEK NIE

Bobbejane word gelok deur alles wat "vreetbaar" is, so die beste raad is om dit vir hulle haas onmoontlik te maak om hulle hande te lê op enigiets wat hulle kan aas:

- Maak gebruik van bobbejaanbestande vullisdromme en moenie enige swart sakke bo-op die drom of op die sypaadjie **los nie**
- Moenie enige voëltjiesaad uit sit of jou troeteldier se kos buite los nie
- Pluk rypwordende vrugte van bome en struike
- Omhein groentetuine en komposhope

### STRATEGIE 2: HOU JOU OË OOP EN JOU ORE GESPITS

- Kontak die toegewyde bobbejaanblitslyn in jou area (sien details hier onder) om seker te maak dat jy betyds via WhatsApp gewaarsku kan word wanneer die bobbejane ook al op pad dorp toe is
- Slaan ag op bobbejaanmonitors se vroeëwaarskuwings (d.w.s. wanneer hul op vuvuzelas of fluitjies blaas)
- Wanneer 'n trop in aantog is, maak alle deure en vensters dadelik toe en sorg dat hulle gesluit is

### STRATEGIE 3: WANNEER DIE BOBBEJANE WEL OPDAAG, MAAK DIT DUIDELIK DAT HULLE NIE WELKOM IS NIE

- Rus jou tuinslang toe met 'n hegstuk wat water oor 'n aansienlike afstand kan spuit en gebruik dit om die bobbejane nat te spuit
- Maak 'n harde lawaai deur, byvoorbeeld, op potte en panne te slaan

Vir bykomende inligting oor hoe om jou eiendom bobbejaanbestand te maak en wenke oor hoe om hulle weg te hou, kontak die Bobbejaanblitslyn-Wes (Kleinmond, Bettysbaai en Pringlebaai) by 069 151 5962, of stuur 'n e-pos na Gary Beukman by projectmanagerbmp@overstrand.gov.za. Die kontaknommer vir die Bobbejaanblitslyn in die Hermanus-/Voëlkliparea is 072 028 0008.

DEERNISHULP

# Kwalifiserende begunstigdes *moet* eenkeer per jaar aansoek doen

Munisipaliteit Overstrand se deernis subsidie het ten doel om finansiële verligting aan hulpbehoewende huishoudings te bied deur die koste van basiese dienste te dek.

Benewens 100%-dekking van hierdie dienste sal huishoudings wat voldoen aan die kriteria, soos gespesifiseer in die munisipaliteit se goedgekeurde beleid oor deernishulp, ook die volgende elke maand gratis ontvang:

- 10kℓ of water
- 70kWh elektrisiteit
- 7kℓ of riolering

Van belang hier is dat **diegene met 'n behoefte aan finansiële verligting hul status as hulpbehoewend eenkeer per jaar moet bevestig**, ongeag of hulle vir die eerste keer aansoek doen of reeds vir deernishulp geregistreer is.

## MEER LAE-INKOMSTEHUISHOUDINGS KAN VOORTAAN KWALIFISEER

***Die kriteria om vir deernishulp te kwalifiseer, is as volg gewysig:***

1. Slegs die inkomste van die aansoeker en sy/haar gade of lewensmaat sal in ag geneem word. Die inkomste van agterplaasbewoners of kinders in die huishouding sal nie by die beoordeling ingesluit word nie.
2. Wanneer inkomste bereken word om kwalifisering vir deernis hulp te bepaal, sal toelaes soos dié ter ondersteuning van oorlogsveterane, gestremdes, pleegsorg, sorgafhanklikes en kinders buite rekening gelaat word.
3. In gevalle waar die eienaar van 'n eiendom te sterwe gekom het of afstand gedoen het van die eiendom, sal die nuwe inwoner om deernishulp aansoek kan doen op voorwaarde dat daardie inwoner by wyse van 'n beëdigde verklaring bevestig dat hy of sy bereid is om volle verantwoordelikheid vir die munisipale rekening te aanvaar, in welke geval die munisipaliteit 'n huurdersrekening sal skep.

### OM VIR DEERNISHULP TE KWALIFISEER, MOET AANSOEKERS:

- 'n gekombineerde inkomste (aansoeker + gade/lewensmaat) hê wat nie R8 801 per maand oorskry nie;
- gemiddeld nie meer as 500 kWh elektrisiteit per maand verbruik nie;
- gemiddeld nie meer as 20 kℓ water per maand verbruik nie;
- in Suid-Afrika woonagtig wees;
- nie meer as een eiendom besit nie; en
- die eiendom uitsluitlik vir residensiële doeleindes gebruik.

### BEVESTIGING VAN HULPBEHOEWENDE STATUS:

**Om kwalifisering vir deernishulp te bevestig, sal daar van aansoekers verwag word om die volgende dokumentasie in te dien:**

- Jongste munisipale rekening
- ID's van inwoners ouer as 18 jaar
- Afskrifte van geboortesertifikate van alle inwoners jonger as 18 jaar
- Laaste drie maande se salaris-/loonstrokies van elke aansoeker
- Laaste drie maande se bankstate van elke aansoeker, met inbegrip van gades/lewensmaats se bankstate
- In gevalle waar die aansoeker nie 'n bankrekening het nie, 'n beëdigde verklaring ter bevestiging dat dit wel die geval is
- In gevalle waar die aansoeker in eie diens is, 'n beëdigde verklaring ter bevestiging van inkomste
- In gevalle waar die aansoeker werkloos is, 'n beëdigde verklaring ter bevestiging dat dit wel die geval is en dat die aansoeker geen ander bron van inkomste het nie
- Waar van toepassing, bewys van SASSA-pensioeninkomste
- In die geval van 'n egskeidingsbevel/skeiding of versaking, 'n beëdigde verklaring ter bevestiging dat die aansoeker verantwoordelikheid vir die munisipale rekening sal aanvaar
- In gevalle waar 'n mede-eienaar te sterwe gekom het, 'n doodsertifikaat ter bevestiging dat die mede-eienaar gesterf het

## MASSIEWE BESPARING OP ENERGIEKOSTE

"1 500 nuwe straatligte het daartoe gelei dat ons nou jaarliks ± 551 922 kWh in direkte energiekoste bespaar"

Befondsing wat beskikbaar gestel is onder die departement van mineralehulpbronne en energie se inisiatief om koolstofvrystellings te verlaag, het Munisipaliteit Overstrand onlangs in staat gestel om sommige straatligte teen 'n koste van R7,2 m met energiedoeltreffende LED-ligte te vervang.

"Ons het tot hierdie stap oorgegaan as deel van die munisipaliteit se verbintenis tot groen energie en kan met genoeë rapporteer dat deur maar net 'n blote 1 500 straatligte te vervang, 'n reuse jaarlikse besparing van nagenoeg 552 000 kWh in direkte energiekoste reeds bewerkstellig is," het Uitvoerende Burgemeester, dr. Annelie Rabie, gesê.

"LED-straatligte is nie net tipies 50% meer energiedoeltreffend nie, hulle is ook bekend vir hul duursaamheid en verg heelwat minder instandhouding as konvensionele straatligte. Juis daarom gaan ons ons bes doen om addisionele befondsing te probeer bekom sodat soveel as moontlik straatligte oral in die Overstrand so gou as moontlik vervang kan word," het sy bygevoeg.

## IS JOU TROETELDIER SE INENTING TEEN HONDSDOLHEID OP DATUM?

'n Aantal bevestigde gevalle van hondsdolheid onder Kaapse pelsrobbe is in die omstreke van Overstrand aangemeld.

As 'n eerste verweer teen hierdie dodelike siekte doen Munisipaliteit Overstrand 'n beroep op alle troeteldiereienaars om hul veearts te vra of hul troeteldier se inenting op datum is of om hul troeteldier na enige van die dierewelsyn-organisasies in die gebied te neem sodat die troeteldier ingeënt kan word.

Tweedens raai ons diegene wat hul honde vir stappies langs die kuslyn neem aan om hul honde ten alle tye aan 'n leiband te hou en te sorg dat hulle in toom gehou word. Hondsdolheid kan versprei word wanneer besmette robbe honde/mense byt, of wanneer honde robbe byt, maar dit kan ook versprei word wanneer 'n hond bloot aan 'n karkas lek of daaraan knaag.

As jy langs die strand op die karkas van 'n rob of selfs 'n deel daarvan afkom, moenie daaraan raak of dit hanteer nie en sorg dat jy 'n goeie afstand hou tussen jou en 'n lewendige rob wat langs die kuslyn uitgetrek het.

As jy 'n rob teëkom wat oënskynlik abnormale gedrag vertoon, neem 'n video as jy kan en teken die koördinate aan. Rapporteer sulke insidente sowel as enige gevalle van 'n aanval/'n byt onmiddellik aan die naaste veearts of aan Munisipaliteit Overstrand se afdeling ombewingsbestuur by 028 316 3724 (kantoorure) of aan brandweer-en-redding se noodgevalbeheerkamer by 028 312 2400 (na-ure).

Let ook daarop dat enige waarnemings van robbe (hetsy siek of gesond) ook op die iNaturalist-webtuiste gerapporteer kan word. As daar onverwyld tot die gepaste mediese stappe (d.w.s. inenting) oorgegaan word, kan die verspreiding van hondsdolheid verhoed word. **Daarom doen ons 'n beroep op alle troeteldiereienaars om verantwoordelik op te tree deur die nodige voorsorgmaatreëls te tref en deur hul honde in toom te hou.**

### Snyery sal voortgaan

Openbare oopruimtes, groenstroke en padrande wat onversorgd lyk, is 'n doring in die oog. Om te verhoed dat die voormelde deur grasse en onkruid en onwelkome plante oorgroei word, het Munisipaliteit Overstrand geen ander keuse as om nougeset by sy snyskedule te hou nie. So tragies as wat dit mag wees, sal die lenteblommetjies dalk in die slag bly wanneer instandhouding gedoen word.

### Opgradering van koopkragmeters

In aanloop tot die TID-oorrol wat vir November vanjaar geskeduleer is, het Munisipaliteit Overstrand reeds in 2022 'n omvattende veldtog van stapel gestuur om te verseker dat koopkragmeters betyds opgegradeer word en kan nou met genoeë aankondig dat daardie taak lank voor die spertyd afgehandel is.

Om 100% sukses te behaal, was nie maklik nie en Munisipaliteit Overstrand wil graag sy opregte dank uitspreek teenoor ons inwoners vir hul samewerking en teenoor ons toegewyde personeel wat alles in hul vermoë gedoen het om te verseker dat die boodskap 'n ieder en 'n elk bereik en dat hulle die dringendheid daarvan besef.

**Ons moet weereens benadruk dat verbruikers wat hul krag direk van Eskom koop (d.w.s. diegene in Bettysbaai, Pringlebaai, Rooiels, Fisherhaven, Vermont, Onrus, Hemel-en-Aarde en sommige gebiede tussen Die Damme en Hermanus) Eskom onverwyld moet kontak as die sagteware op hul koopkragmeters nog nie opgegradeer is nie.**

### Fernkloof nou vullisdrom-vry

**Voortaan sal jy regtig net jou voetspore kan agterlaat.**

Diegene wat graag voetslaan langs die reservaat se kus- of kontoerpaadjies, of gaande is oor 'n piekniek in die tuine, moet daarop ag slaan dat die Fernkloof-natuurreservaat 'n "geen rommel, geen vullisdrom"-beleid aanvaar het.

Hierdie besluit is geneem in belang van die beveiliging van die reservaat se delikate ekosisteme en kom in wese neer op 'n reëling waarvolgens besoekers en voetslaners hulle daartoe verbind om alles wat hulle indra, weer uit te dra.

Kortom, geen vullisdromme sal voorsien word nie: Nie in piekniekareas nie, en ook nie langs die paadjies of voetslaanroetes nie.

Om aanpassing te vergemaklik, sal 'n paar dromme vir 'n wyle behoue bly langs die kus- en kontoerpaadjies.

Ter ondersteuning van hierdie veldtog om die ongerepte natuurskoon van een van Overstrand se mees geliefde attraksies te bewaar, doen ons 'n eenvoudige beroep: Dra jou rommel asseblief huis toe.